
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Wanneer jou Huweliksmaat ongelowig is....



Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. I Tim. 6:11

Die Woord van God waarsku uitdruklik dat ons op ons hoede moet wees, VOORDAT ons 'n huwelikverbond aangaan. In **2 Kor. 6:14-18** lees ons: **"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bèlial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."**

Die Here verklaar uitdruklik dat 'n gelowige NIE IN DIESELFDE JUK as 'n ongelowige mag trek nie, tog is dit die area waar die duiwel die ongelowige keer op keer pootjie veral ons jong mense.

In hul soeke na 'n lewensmaat voel hulle dikwels aangetrokke tot 'n ongelowige en wanneer hulle verlief raak, is dit vir hulle moeilik om die waarskuwing in 2 Kor. 6 te onthou. Hierdie "nuut gevonde liefde" neem al hulle tyd en aandag in beslag, en die feit dat die maat nie gered is, is nie so belangrik as wat dit behoort te wees nie. Dit is op hierdie tydstip dat Satan met sy leuens kom en fluister: "Moet jou nie hieroor bekommer nie. Hy/sy het jou so lief dat wanneer julle eers getroud en gevestig is, sal hy/sy ook soos jy begin dink, en hy/sy sal besluit om die Here te dien."

...'n Suksesvolle huwelik is nie net om die regte persoon te vind nie. Dit is om die regte persoon te word....

Daar word dikwels geredeneer dat die liefde tussen hulle alle probleme sal oorkom, ook om die ongelowige gered te kry, dit is egter nie die moeite werd om so 'n kans te vat, in die lig van God se waarskuwing aan Sy mense. Ongelukkig is fisiese aantreklikheid en eerste liefde, alhoewel belangrik in 'n huwelik, beslis nie die fondament om enige huwelik op te bou nie en omdat God die outeur en implementeerder van die huweliksverbond is, sal dit slegs uitwerk as ons Sy opdragte gehoorsaam.

Indien 'n gelowige, met 'n ongelowige persoon sou begin uitgaan, moet hy van die begin af reeds besef dat geen huwelik kan plaasvind alvorens die persoon nie gered is nie. Ons drie dogters het, in hul laat tiener – en vroeë twintiger jare, begin uitgaan met ongelowige jongmans. Elkeen het geweet dat ons onder geen omstandigheid aan haar toestemming of seënwense tot 'n huwelik sou gee nie, behalwe as haar maat die Here Jesus Christus as sy persoonlike Here en Verlosser aanneem en Hom, net soos elkeen in ons gesin, met sy hele hart lief het!

Ons het altyd gesê dat dit die enigste maatstaf is in die keuse vir 'n huweliksmaat. Liefde en aanpasbaarheid speel natuurlik 'n belangrike rol, maar na alles kan enige huwelik slegs werklik tot die volheid van God se doel groei, as Jesus die Rots is waarop hulle bou. Die gelukkige storie is dat elkeen van ons kosbare skoonseuns Jesus Christus gedurende hulle hofmakery (met die meisies) ontvang het, dit is waarvoor ons gebid het en hiervoor prys ons die Here. Die gevolg is dat al

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wanneer jou Huweliksmaat…)

drie pare en ons ses kleinkinders, die Here saam met ons dien. Wat 'n seën! Moenie wanhopig wees as jou huweliksmaat nog nie gered is nie. Soos jy verder lees, sal jy besef dat daar oorwinning in Jesus is. Laat ons die prioriteite, volgens God se plan van orde, bespreek. God moet EERSTE in jou lewe wees en Hy moet bokant alles wees, dit sluit mense, werk, materiële dinge, stokperdjies ens. in. As dit nie so is nie, is afgodsdiens teenwoordig. Jou huweliksmaat is jou volgende prioriteit, volgende jou kinders, dan jou plek van aanbidding (kerk) en dan jou werk. Indien enige van hierdie prioriteite in die verkeerde volgorde is, kan ons seker wees dat daar probleme in ons huwelike sal wees.

Vroue, let asseblief op dat jou kerk en kerkaktiwiteite nie voor jou man en kinders kom nie. Dikwels voel welmenende vroue dat deur soveel moontlike kerklike aktiwiteite by te woon, hulle meer geestelik word. Hulle voel regtig dat as hulle dit doen, dit hulle huise en gesinne bevoordeel. Ongelukkig is die teenoorgestelde dikwels waar. Indien die man na 'n laer prioriteit posisie verplaas word as wat hom volgens God se Woord, toekom sal die huisgesin daaronder ly.



Jou stryd is dus 'n *geestelike stryd* teen die duiwel, NIE TEEN JOU MAN OF VROU NIE!

Wanneer 'n vrou se prioriteite nie reg is nie, sal haar gesin ly, en sy self sal onvervuld wees, omdat sy nie in lyn met God se plan en doel vir haar lewe is nie. As haar man nog nie wedergebore is nie, sal haar "rond hardloop en goed doen" 'n negatiewe uitwerking op sy verwagte verlossing hê.

In plaas van om hom na die Here te trek, kan sy veroorsaak dat hy ontevrede raak met 'n "super geestelike" vrou, en geneig wees om nie na aan die Here te kom nie. 'n Man in hierdie posisie kan selfs die kerk sien as 'n mededinger vir sy vrou se tyd en aandag!

Dit is belangrik om nie die byeenkoms van die heiliges te verwaarloos nie (Heb.10:25), maar egter nie ten koste van jou huwelik nie. Die Here ken jou harts begeerte om die dienste by te woon, maar jou man sal 'n beter gesindheid teenoor jou hê, en groter harmonie in jou huis wees, as jy kies om Woensdag aand tuis te bly en kwaliteit tyd met hom deur te bring as om teen sy sin na die gebeds byeenkoms te gaan. Natuurlik, as hy jou aanmoedig om te gaan, kan jy dikwels gaan, maar jou eerste plek is aan sy sy. Moet nooit teen sy wense gaan nie, maar moet ook nie met 'n lang gesig tuis bly nie! Die belangrikste instrument wat jy het om jou man vir Jesus Christus te wen, is jou LIEFDE vir hom.

Laat hom weet dat jy bly is om by hom te wees, en hom te bederf en na sy behoeftes om te sien. Dit is hierdie houding wat sal lei tot 'n positiewe en doeltreffende reaksie. Ten slotte is dit God se goedheid wat tot bekering lei, volgens die Bybel. Dit moet egter met die regte harts motief gedoen word, anders is dit manipulasie.

Dit is nutteloos en onproduktief om jou man vir Jesus te wen deur hom te veroordeel en te beskuldig, of nog erger om vir hom te preek of uit die Bybel aan te val.

God sê met groot wysheid in Sy Woord: **Net so moet julle, vroue aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue, SONDER WOORDE gewin kan word, as hulle jul reine, GODVRESENDE WANDEL aanskou het (1 Pet.3:1-2)**

Jou werksgebied om jou man vir Jesus te wen, is JOU BINNEKAMER. Dit is hier waar jy vir hom intree en *geestelike oorlogvoering* doen vir die redding van sy siel. DAN sal God se belofte in Hand.16:31 'n werklikheid in jou lewe word: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en JOU HUISGESIN.

Efs. 6:12: Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Ons ken hierdie Skrif baie goed, maar is dit 'n werklikheid in jou lewe? Dikwels hou ons steeds aan om teen mense te stry (vlees en bloed) - bv. ons man/vrou, kinders, bure, medewerkers, winkel-eienaars, ontvanger van inkomste en andere terwyl die Bybel duidelik verklaar dat ons worstelstryd NIE TEEN DIE MENS IS NIE, maar TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG. Met ander woorde as jou huweliksmaat op enige gebied te kort skiet, is dit die duiwel wat daaragter sit. Jou stryd is dus 'n *geestelike stryd* teen die duiwel, NIE TEEN JOU MAN OF VROU NIE! Dit is waarom ek sê dat jou binnekamer die gevegsterrein is, want dis daar waar jy vir jou man intree vir sy redding of bevryding. Dit is die plek waar jy gesag oor die duiwel neem (Matt.12:29; Matt.16:19) UIT DRYF (Mark.16:17) OP HOM TRAP (Ps. 91:13), HOM WEERSTAAN (Jak.4:7) en AAN HOM GEEN PLEK GEE NIE (Efs. 4:27)

Die Here het aan die huweliksmaat kragtige Geestelike wapens voorsien, om in die stryd teen die bose magte te gebruik, vir die verlossing van die geliefde. Hulle is Liefde, Gebed en Vas. AGAPÉ LIEFDE: Dit is nie 'n vleeslike, erotiese hartstog wat ons in rolprente en sepies kry nie. Dit is "eros" liefde en is oppervlakkig en nie noodwendig blywend nie. Agapé liefde het die blywende kenmerk van die Goddelike liefde wat in 1Kor. 13 beskryf word, 'n liefde wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees (Rom.5:5). As jy 'n gelowige is mag jy nooit die punt bereik waar jy sê: "Ek het my huweliksmaat nie meer lief nie." Want dan weerspreek jy die Woord van God! Agapé liefde is 'n Keuse!

Onthou, hierdie liefde het niks te doen met *gevoelens of emosies.* Gevoelens kan misleidend wees en wissel na aanleiding van omstandighede en stemming. (Byvoorbeeld hoe jou man of vrou jou daardie dag behandel het.)

(Vervolg op Bl. 4)

Going through trials and tribulations


Most people come to know the Lord Jesus as their Personal Saviour when they find themselves in a desperate situation. They don't know what to do, or where to turn in their hour of need, and because of their distress they cry out to God! It is important to know that the origin of all trials, tribulations and problems comes from one of three sources, which, according to the Bible, are our three enemies namely, the world, the flesh and the devil. Our Heavenly Father knows this, and uses these times, in the lives of people to draw them unto Himself.

Meg and I found ourselves in just such a situation, when we were busy with property development in Ballito in 1973, and suddenly experienced a collapse of the property market, and consequently the freezing of all building society loans. In spite of having many contacts, no help was forthcoming from man, and we did not know what to do. We needed a miracle to save us from total financial ruin, so called on God for His help. The account of the miraculous way in which He enabled us to have victory in the face of numerous obstacles over a period of two years, would fill a book, but suffice to say, that He proved to us that He is a God of the impossible, and we came to know Him personally and intimately during this time. Many of you have similar testimonies. It could have been the trial and trouble of sickness, of losing a loved one or a job. It may have been a broken relationship or abuse, whatever the trial, the Lord reached down in the midst of it so that you might be drawn closer to Him, and that He might show His love, His compassion, His mercy and His power to deliver in the midst of disaster.

The important thing to remember is that we must run to Him in time of trial and trouble. So often, we tend to want to do just the opposite, and blame Him for the problem. We stop praying when our hearts are laden with suffering, and that is exactly what Satan wants us to do. He knows that prayer is our only means of deliverance when we are in great need. Only prayer can uplift our sad hearts, only prayer can transform our distress, within and without. So do not give in to the voice of the enemy when you are in a place of suffering, but rather run to God for help. We read in **Psalm 121:1-2: I will lift up mine eyes unto the hills, from whence cometh my help. My help cometh from the LORD, which made heaven and earth.** He will not only surround you with His love and assurance, but undertake for you in every aspect of your need. Start praying, prayer will help you, and you will actually be blessed as a result of your suffering.

In these last days, when Satan is especially active , (because the return of Jesus to fetch His Bride is so close), many are experiencing the dark "midnight hour". This is time characterized by violence, revolts, persecution, lawlessness, pestilences and calamities. Our Heavenly Father has promised to be with us during this time of fiery trials, and hard times, but on one condition, that we call upon Him. He exhorts us in Palm 50:15 to, "**Call upon Me in the day of trouble",** and when you do, you will experience the truth of His words, "**I will deliver you!"** He will come to your aid, inwardly by granting you comfort, strength and joy, and outwardly by allowing you to experience His miracles and protection. Our Heavenly Father wants to strengthen our faith, and therefore He revealed His nature to us. **"God is love". 1 John 4:6.** When you find yourself in a hard place, and don't know how much longer you can manage to go on, keep declaring with every difficult step you take: "God is but goodness, His will is pure love, and His paths are always the best." Whatever you say, trusting in His love, you will experience. You will be consoled, night will be turned into day for you, everlasting joy will flow into your heart, Jesus will draw close you and you will receive help. Your trust will become invincible, and you will be comforted in the deepest suffering.

"Wait for the Lord; be strong and let your heart take courage; yea, wait for the Lord!" Psalm 27:14. Be patient. Learn to wait in humility for God's hour. His help will surely come, even if it seems to be delayed. Only He knows when the right moment has come, and His timing is always perfect. Believe that God, because He loves you, will never come too late with His help and even as you humbly wait you will experience His strength and sustaining power. Impatience and despondency have never solved any problems. Unbelief hinders God's coming. But hold out and wait. The patient waiting of the righteous will end in joy. You may not know where your path will lead. But you do not need to know. Just take the next step. The Father will bring you through this stretch of the way. And after that, God will show you what step to take next. So proceed step by step and in the end you will see that God was helping you step by step, day by day. He is leading you according to a wise plan, along a path that will lead to a glorious goal, and during this time He is drawing you closer to Himself, because you need to hear His voice every day.



"I will lift up mine eyes unto the hills, from whence cometh my help. My help cometh from the LORD, which made heaven and earth" Psalm 121:1-2:

Every one of us who knows and serves Jesus Christ as Lord and Saviour, has an inbuilt desire to become more like Him. This in fact is exactly what our Heavenly Father has in mind for each one of us. He loves us and is busy forming us into the likeness of His Son. Our Heavenly Father's method of bringing this perfection and maturity to fruition, in the life of a believer is certainly not one that we would choose, but the Lord tells us that His ways are not our ways, and this we read in **Isaiah 55:8: For My thoughts are not your thoughts, neither are your ways My ways, saith the LORD.** After all He is God and He knows what is best for each one of us, therefore we must remember His promise in **Rom. 8:28: ..... that all things work together for good to them that love God, to them who are the called according to His purpose.**

It remains our choice whether or not we yield to the work of the Holy Spirit in our lives, as He performs this Divine transformation in us,

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Facing Loneliness)
making us perfect and complete or entire!

James 1:2-4: My brethren, count it all joy when you fall into various trials, knowing that the testing of your faith produces patience. But let patience have its perfect work, that you may be perfect and complete, lacking nothing.

This scripture clearly explains that the trials we go through will perfect us if we trust the Lord in the midst of them. Not only does Father God intervene during the trials in peoples lives to bring them to a knowledge of Him and His goodness and love, but He perfects them through the situation they are experiencing.

We must never forget these words in **1 Thess. 5:16-18,** which admonish us to **Rejoice evermore. Pray without ceasing. IN every thing give thanks: for this is the will of God in Christ Jesus concerning you.** These trials and temptations may well come from the enemy whose aim it is to discourage us and to break our faith, hoping that we will turn our backs on the Lord, but when we trust the Lord, during our time of attack and need and serve Him with our whole heart, love Him unconditionally, and continue to rejoice and to pray, He will turn our mourning into joy, and our night into day. Every trial in your life is an opportunity for Our heavenly Father to show His glory, and to manifest His majesty and power in your midst. Remember this, during your next time of trial, and allow Him to work in the situation to deepen your walk with Him, your trust in Him, and your faith in His unfailing love.

We all want to see God's miracle working power in action. We all want to experience a miracle in our lives. But remember, in order to experience a miracle, you must be in a place to NEED a miracle, and very few of us want to be in that place.

Looking back over the past 32 years, I now realise that the pending financial disaster I was facing, turned into the greatest blessing I could ever have experienced. Had it not been for the great need in my life, I may never have come to know the Lord Jesus in my life. He changed my life, and took me out the quagmire of this world, and showed me how much I really needed Him every day. He has become my greatest friend, and the best Father (Heavenly) that I could ever have hoped for, or dreamed of. ✞

(vervolg vanaf Bl.2—Waneer jou Huweliksmaat…)

Die Bybel stel GELOOF bo gevoelens. As jy werklik GLO dat hierdie Agapé liefde in jou hart uitgestort is deur die Heilige Gees, sal jy dit met jou mond bely en dan sal dit na vore kom in jou dade. Jy mag werklik voel dat daar geen liefde meer in jou hart is vir jou huweliksmaat nie, maar soos jy God gehoorsaam, sal Hy daardie liefde terug plaas en jou verhouding tot sy vorige heerlikheid, selfs daarop verbeter!



As jy egter toelaat dat jou gevoelens en emosies jou beheer sodat jy slegs daarvolgens optree, beoefen jy nie meer geloof in God se Woord, en dit wat aanbeveel word aangaande die omstandighede nie. Deur dit te doen bestaan die gevaar, dat jy nie meer deur die Gees gelei word nie, maar dat jy in die natuurlike (vleeslike of siels) gebied optree. God se manier om die probleem aan te pak is in die Gees, en dit kom voor asof dit teen die natuur is!! Indien jy dit doen sal jy jouself nooit op die plek bevind waar jy aan jou maat sal sê: "Love is not a feeling, it's an act of your will."

Agapé liefde is nie 'n emosie nie, dit is JOU KEUSE om in lyn met die Woord van God te kom, en wanneer jy kies om dit te doen, sal ware emosie volg.

Dit is van hierdie Agapé liefde waarvan die Here in Joh.3:16 praat: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Hierdie soort liefde GEE onvoorwaardelik, onselfsugtig, met rein motiewe, hierdie liefde gee sonder om iets terug te verwag, hierdie liefde VERANDER NOOIT. God het Sy Seun ONVOORWAARDELIK GEGEE; Hy het ons EERSTE lief gehad, toe ons nog sondaars was en hierdie waarheid VERANDER NOOIT ! Dit is die selfde soort liefde wat reeds in jou hart uitgestort is volgens Rom.5:5. Let asseblief daar op dat 'God – soortige liefde' beginsel van toepassing is op AL JOU VERHOUDINGS. Liefde is 'n keuse. As jy glo en bely dat jy Gees vervuld, Kind van God is, dan IS God se liefde in jou hart, en sal jy nie God se bevel in Matt. 22 bevraagteken nie: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

…JOU keuse om in lyn met die Woord van God te kom…

Vervolg op Bl. 6)

Ons God van Wonderwerke!

Eerstens wil ek julle net vertel van die wonderlike ervaringe wat ek gehad het sedert my vorige brief aan julle. Ek het einde verlede jaar vir julle geskryf van my moeder wat gediagnoseer is met dieselfde siekte wat my ouma se dood veroorsaak het, long fibrose. Skaars 'n week na ek die brief gepos het, was sy by die dokter vir 'n tweede opinie, en hy het vir haar belowe dat sy absoluut niks makeer nie, en haar dadelik van die medikasie afgehaal. Ons almal kon agterkom dat sy skielik nie meer hoes nie en geen ander simptome wys soos voorheen nie. Sy't my gebel van buite die dokter se spreekkamers, in trane oor die wonderwerk!! Ek het nooit kon droom dat sy werklik heeltemal genees sou word nie, dit was absoluut fantasties! Baie, baie dankie!

Ek het ook gepraat oor my en my verloofde wat a.g.v. werksomstandighede so ver van mekaar was en mekaar amper nooit gesien het nie, ek was in Stilfontein en hy in Rustenburg en dat ons trou planne gehad en, maar dat ek bang was iets val voor, ek is vandag presies 'n week getroud!!! Dit was die wonderlikste dag van my lewe op 29 April, en alles het seepglad verloop, ek was so rustig die hele dag en het slegs gekonsentreer om die dag te geniet. Ons woon nou saam in Rustenburg, ek het 'n baie goeie werk en is so gelukkig. Ek en my man het ook besluit om harder te werk aan ons verhouding met God, en dis wonderlik!! Elke dag is soos 'n avontuur. En ons glo met Hom in ons lewens kan ons huwelik nie anders as om 'n sukses te wees nie. Ek sal julle, en my Hemelse Vader nooit genoeg kan bedank vir hierdie wonderwerke nie, daarom het ek besluit om dood eenvoudig vir almal te vertel hoe wonderlik Hy is!! Vriendelike groete.

Mev S Kruger, Rustenburg

Ek wil graag vertel hoe ons op die Woord van die Here kan staatmaak en verseker kan weet dat Hy ons sal help as ons net op Hom vertrou. My man het medikasie gebruik wat veroorsaak het dat sy beenmurg ophou funksioneer. Hy het feitlik geen witbloedselle oor gehad nie. Hy is opgeneem in die hospitaal en het bloedoortappings en medikasie ontvang. Hy het geen krag gehad nie en kon geen kos inneem nie. Dit het vir byna 8 dae so voortgegaan, dat daar geen beterskap was nie. Hy het intussen ook longontsteking opgedoen, aangesien hy geen weerstand teen infeksies gehad het nie. Ons het Stanger Christelike Sentrum geskakel en vir gebed gevra. Ek kon gedurende hierdie tyd toepas wat ons altyd deur u leesstof leer. Ek het my afgesny van al die negatiewe toetse en alle negatiewe omstandighede probeer vermy. Ek het geweier om die duiwel se influisteringe te glo en het net "oorwinnaarstaal" gepraat. Sy bloedtoetse het net beter en beter geword, sy koors was normaal, sy longe het begin herstel en hy kon weer eet. Al hierdie dinge het bygedra tot sy herstel, maar een ding weet ons en dit is dat die Here hom aangeraak het en ons gebede verhoor het en Sy Woord geëer het wat ons aanhoudend voor Hom herhaal het. Die Here eer ook 'n standvastige gesindheid. Bekommernis en twyfel bring ons nêrens, maar slegs ons onverskrokke geloof. Ons moet ook nie toelaat dat welmenende vriende ons laat twyfel met geloofafbrekende redenasies nie. Al die eer aan die Here alleen!

Mev S van Staden, Witbank

Ek wil ook dankie sê dat u vir my gebid het met knieprobleme na 'n motorongeluk. Ek het baie goed herstel na die ongeluk, en toe die knie probleme gee, het ek nie kans gesien vir 'n knie operasie om die kraakbeenstukkies te laat verwyder nie. Dis ongelooflik, maar die stukkies het net verdwyn en 'n operasie was nie nodig nie. Dit was voorwaar 'n wonderwerk. Prys die Here! Ek het al soveel kere vir julle gevra om vir my of my familie te bid en die gebede is altyd verhoor. Daarom vra ek met groot geloof dat u asseblief vir ons môreoggend sal intree met gebed. Met vriendelike groete.

Mev P van Zyl, Jansenville

Ons het voorbidding gevra vir my dogter wat deur haar ginekoloog verwys is na 'n spesialis i.v.m. 'n groot moesie op een van haar borste – die ginekoloog was bekommerd oor die kwaadaardigheid daarvan. Prys die Here die moesie het opgedroog en het gister (17de April 2006) afgeval. Ons gee Hom al die eer en sê net baie dankie ook vir julle voorbidding.

Ans, Pretoria

Net die volgende getuienis van dank en lof aan die Meester! Helena Schabort se boonste rugwerwel was in so 'n toestand van verkrummeling dat die beste spesialiste niks meer vir haar kon doen nie. Sy as feitlik bedlêend en in groot pyn. Deur u gebede en ander s'n, het die Here haar wonderbaarlik aangeraak! Sy is op die oomblik met vakansie, sonder enige pyn, en besef dat 'n ongelooflike wonderwerk plaas gevind het. Baie dankie ook aan u as getrou werktuig in Sy diens! Ons is innig dankbaar. Mag Sy seën steeds vorentoe op u en u familie rus, en Hy ook u persoonlike versugtinge verhoor. Vriendelike groete.

Mnr en Mev T Uys, Mosselbaai

Ek het 2 maande gelede aan u geskryf en u gevra om vir my te bid, want ek het aan epilepsie gely. Ek het vir 10 jaar pille gebruik en het 5 jaar gelede 'n aanval gehad. 'n Maand na ek aan u geskryf het, moes ek toe gaan vir breingolf-toetse. My uitslag was normaal!!! Die dokters kon niks fout vind nie, en het my beveel om die pille te staak. Hy het gesê ek ly glad nie aan epilepsie nie, en het selfs 'n briefie gegee waarin hy sê ek het geen tekens van epilepsie nie.

Mev L de Beer, Uitenhage

Verlede Sondag het ek die voorreg gehad om u diens op Stanger te kon bywoon. Ek wil vir u baie dankie sê vir u gebede, nie net is ek genees van 'n baie lastige rug nie, maar dit is asof daar 'n wonderwerk met my siel en liggaam gebeur het. Dit voel vir my asof ek vir die eerste keer in my lewe werklik die Here leer ken het. U weet, eintlik wat dit alles vir my nog wonderliker maak, is die feit dat ek nooit eers aan myself gedink het nie, ek het my suster geneem dat u vir haar 'n gebed doen, en daar gebeur 'n wonderlike ondervinding met my. Mag die Here u seën!

Mev A Pieterse, Pretoria

(Vervolg vanaf Bl.4 - Wanneer jou Huweliksmaat….)
NB. Jy het die persoon lief NIE DIE SONDE !! Met hierdie diep, onvoorwaardelike liefde van God in jou hart vir jou huweliksmaat (ongeag hoe hy of sy optree of reageer), is jy reeds besig om grond te wen in die stryd vir sy/haar siel.

GEBED: Gebed is om die Vader in die Naam van Jesus te vra vir die begeerte van jou hart, volgens God se wil. Dit is om te glo dat jy ontvang wanneer jy bid! God belowe, dat jy sal kry! (Mark.11:23-24). Jy het nie omdat jy nie vra nie vertel Jak.4:2-3 vir ons! Vra jou hemelse Vader in geloof om jou maat te verlos en te red, dank Hom dan vir die antwoord, wat jy glo, reeds aan die kom is. Dit is geloof!

Dank God vir die veranderinge wat Hy reeds volgens Sy Woord, besig is om in jou huweliksmaat se lewe te maak en herinner Hom aan Sy Beloftes. Onthou dat Sy Woord Sy Wil is. Onder die GEBEDS opskrif wil ek net die belangrikheid beklemtoon om in jou gebedstaal te bid wat die Here jou gegee het, nl. die spreek in tale. As jy Efesiërs hoofstuk ses lees, sal jy vind dat *bid in die Gees* deel van die wapenrusting is wat die Here gee om die bose magte in die lug suksesvol te beveg. Elke deel van die wapenrusting is noodsaaklik nie opsioneel nie, om die owerhede en magte te oorwin. God beskou hulle as noodsaaklik in ons geestelike oorlogvoering; sonder hulle sal ons stryd baie moeilik wees!

As jy met die Heilige Gees vervul is, maar nog nooit in jou gebedstaal (tale spreek) gebid het nie, sal ons boekie "Ondervind die Heilige Gees" vir jou tot groot hulp wees. Moenie dat Satan jou langer beroof van hierdie kosbare en belangrike gawe, wat ons Hemelse Vader vir jou het. OORWINNING is jou erfenis, en om in die Gees te bid is 'n magtige wapen, dus bid DIKWELS en GEREELD in jou gebedstaal. Bid by jou maat se bed, in sy kantoor, by haar naaimasjien, in jou maat se motor. Wanneer jou geliefde slaap, lê jou hande liggies op hom/haar en bid in tale. Hierdie magtige wapen veroorsaak dat Satan vlug omdat die Heilige Gees *deur jou bid* – 'n volmaakte God geïnspireerde gebed! Dikwels moet "die sterk man" (sterk vesting) in die lewe van 'n persoon gebind word. In Matt.12:28-29, praat Jesus van die uitdryf van demone: **"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof."**

..... en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees (Matt.16:19) Let ook op die volgende Skrif: **Ps.149:5-8. Laat die gunsgenote juig in heerlikheid; laat hulle jubel op hul bedde. Lofverheffinge van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie**. Miskien is hierdie praktyk van bind en ontbind vir jou vreemd, maar dit is baie effektief.

Om *te bind en te ontbind* in die Naam van Jesus kan in enige situasie, 'n baie groot verskil maak. Die vyand kan slegs deur 'n gelowige GEBIND word. So kan bv. wellus, drankmisbruik, hebsug of passiwiteit in jou maat, gebind word in die Naam van Jesus Christus. Aan die ander kant kan hy/sy ONTBIND word in die Naam van Jesus, van die vyand se slawerny van owerspel, drankmisbruik, boer by swak plekke of die invloed van slegte vriende. Jesus het aan die vrou met 'n gees van krankheid gesê "Vrou jy is van jou krankheid verlos." Luk.13:12. Die woordeboek omskryf die woord BIND: om te bind met kettings, toue, ens., om buite geveg te stel, om vas te pen, om te beperk, om te vertraag, om 'n einde aan te maak.

ONTBIND: vry te stel, om te vergewe, om los te maak, om vry te maak van demone, siektes en vloeke. Om hierdie geestelike wapens te gebruik, moet jy hulle hardop uitspreek, jou mond is die lanseerkussing.

Jy moet vir altyd Satan met God se Woord, in geloof, konfronteer; ken jou gesag in Jesus se Naam.

As 'n gelowige in Christus Jesus is aan JOU die gesag en mag gegee oor die duiwel en sy werke, in Sy Naam, MOET HIERDIE FEIT NOOIT VERGEET NIE.

Kol. 2:15: Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. (die kruis)


Luk.10:19: "Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie."

VAS: Vas en gebed gaan altyd hand – aan – hand, en is baie belangrik. Let ook op die interessante Skrif vers in Jes.58:6: Is dit nie die vas wat Ek verkies nie? Dat julle LOSMAAK die bande van goddeloosheid, dat julle AFHAAL die stroppe van die juk en VRY LAAT en weggaan die verdruktes en elke juk STUKKEND BREEK?

As jy dus VAS, *maak jy los, haal jy af, laat jy vry en breek jy stukkend.* Dis tog presies wat jy begeer om te bereik, wanneer jy 'n ernstige stryd aanknoop teen die vyand, vir 'n geliefde. **Matt.17:21: Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.**

Hierdie was Jesus Christus se eie Woorde aan Sy dissipels toe hulle nie 'n maansieke kind, van 'n demoon wat hom besmet het, kon bevry nie. Om 'n geliefde of 'n huwelik te red moet jy 'n stryd aanknoop teen demoniese magte en wêreldheersers. Jy moet werklik OMGEE om vir jou huwelik te VEG of die verlossing en vrymaking van jou geliefde. Jesus het geweet watter KRAG daar in GEBED en VAS is. Hierdie krag word vrygestel teen die duiwel en sy demone. In **Matt. 6:16** sê Jesus: **WANNEER julle vas.....** Daar was geen twyfel. Hy was seker dat Sy dissipels sou vas. Hy het nie gesê: As julle vas, maar wanneer julle vas! Ons kan nie die belangrikheid van gebed en vas oorbeklemtoon nie, as magtige geestelike wapens in enige stryd, waar dit wemel van die vyand se vernietiging! Uit persoonlike ondervinding en deur baie getuienisse weet ons, dat meer oorwinnings deur kinders van God verkry is, omdat hulle hul Hemelse Vader se barmhartigheid, genade, wysheid en

uit Dr James se kantoor



Geliefdes,

Ons glo dat julle ook agter gekom het dat die tyd vinnig verby vlug asof die dae net te kort is. Ons Hemelse Vader belowe ons in die Woord dat Hy die dae sal verkort terwille van Sy kinders in die Goddelose wêreld. (Matt. 24:22) Ons moet ons lewe rig op Sy beloftes versigtig wees dat die omstandighede rondom ons nie die oorhand sal kry nie - die wetteloosheid – die val in die waarde van geld - en die leerstellings van duiwels in die kerk en baie meer, want God se Woord het gesê dat dit so sal wees in die laaste dae.

Ek en Meg bid elke oggend om 7 uur wanneer ons nagmaal neem, dat julle sal staande bly en volhard tot Jesus kom. Vriende, net soos ons daagliks vir julle bid, is ons baie afhanklik van elkeen van julle se gebede vir ons asseblief moenie daar laat slap lê nie. Satan sal enigiets in sy vermoë doen om ons te sif soos koring (Luk. 22:31) want ons skroom nie om sy duistere koninkryk aan te durf nie, maar ons is volkome afhanklik van God se oorvloedige genade en al ons vriende en familie in Jesus wat vir ons bid en ondersteun. Baie dankie! Mag die Here elkeen van julle kosbare gesinne seën.

Onthou die Koms van die Here is naby, laat ons moedig vasstaan tot by die einde toe in die Waarheid van Sy Woord. **En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. Gal. 6:9.**

Baie liefde groete

Dr James

BAIE BELANGRIK VERLORE POS

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, want elke brief word beantwoord. Baie van ons pos word onderskep en gesteel en kom nooit by die Sentrum uit nie. Sodoende vra ons asseblief, as dit moontlik is, om enige betalings vir bestellings of donasies eerder in ons bank rekening in te betaal, weens die onbetroubare posdiens.

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.


Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Uit die Gevangenis....

Liewe Dr James en medewerkers,

Ek groet u in die wonderlike naam van onse Koning Jesus Christus. Eerstens wil ek u bedank vir u nuusbrief wat ek so getrou elke maand ontvang het. Ek waardeer dit opreg. Dit was vir my iets om elke maand na uit te sien, en was soos 'n lig straal wat my weereens bemoedig het om my net gevestig te hou op ons begin en voleinder van ons geloof, Jesus Christus. My lewe was aan skerwe toe ek gevangenis toe gekom het en ek het geen hoop vir die toekoms gehad nie. Die bietjie krag wat ek oorgehad het, het ek gebruik om voort te gaan met afbrekende gedrag. Ek het daarna my lewe met die Here reg gemaak en dinge het stadig begin reg kom. Ek het u adres by iemand gekry en het vir u begin skrywe. U het vir my boeke gestuur onder ander "Innerlike genesing" en daarvandaan het my lewe begin rigting kry. Die Here het my behoeftes voorsien en kom niks kort nie.

Mnr J Lottering, Porterville



BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

Vir jou geestelike groei.....For your Spitual Growth

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk
CD's deur Dr James-R20.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak
☐ A37—God Reageer op Kinderlike Geloof
☐ A41—Die Krag van die Waarheid

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande—ander sprekers-R10.00
CD's—ander sprekers-R20.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

HOE OM TE BESTEL:

Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Bank besonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek: 53730091667
Tak kode: 220129
Tak: Stanger
Faks: (032) 5525411

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
☐M62 What does God expect of the family
☐M63 What does the Bible say about Baptism
☐M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past
☐64 The Christian and Job

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea
CD's-Dr JJ van Zyl—R20.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word
☐A35 Forgiveness & Healing
☐A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐D32 God's Promise - Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - D.Gericke
☐D46 Be strong and courageous - D. Gericke
☐ D 47 Your Foundation - D. Gericke

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……...……..……

Van: ……

Adres: ……
……Kode: ……..……

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……